Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 36 (3 – 10 NOV 2023)

SPORT

MINI KRIEKET
Baie geluk aan ons gr.1-3 spanne wat Saterdag, 28 Oktober so goed gevaar het by Futurum se Mini-krieket dag.
0/7 – verloor 2 wedstryde
0/8 – wen 2 wedstryde
0/9 – wen 1 en verloor 1 wedstryd

KRIEKET
Baie geluk aan die volgende spanne met hul uitslae:
0/11A = wen CBC met 6 lopies
= verloor teen Reddersburg

0/11B = verloor teen Yorkshire

0/13A = wen Eureka met 16 lopies
= wen Futurum met 133 lopies

0/13B = verloor teen CBC
= verloor teen Reddersburg

Baie sterkte aan die volgende spanne met hul laaste wedstryde vir die jaar:
0/11B – Maandag, 6 November teen Staats op ons veld @ 14:00. Leerders kom met sportklere skool toe en verdaag om 13:10.
Woensdag, 8 November teen Futurum op ons veld @ 14:00. Leerders verdaag 13:10.

0/13B – Maandag, 6 November teen Staats op Landboudal se veld @ 14:00. Leerders kom met sportklere skool toe en verdaag 13:00. Die bussie vertrek om 13:20.
Woensdag, 8 November teen Yorkshire op Landboudal se veld @ 14:30. Leerders verdaag 13:40 en die bussie vertrek om 14:00.

0/13A Pro 20 – Vrydag, 3 November teen HC Rose @ 09:00 in Kimberley by Newton. Dit is die semi-finale vir die Pro20 Reeks. As die seuns hierdie wedstryd wen, speel hulle Saterdag, 4 November @ 15:00 in die Plaat Finaal op Staats se veld.

TWEEKAMP
Baie sterkte aan die leerders wat aan die liga in Bloemfontein deelneem op Dinsdag, 7 November. Leerders verdaag om 10:50.

BUITEMUURS
Daar sal ongelukkig geen atletiek op Maandag (6 Nov) en Woensdag (8 Nov) wees nie, as gevolg van krieketwedstryde wat op ons veld gespeel word. Baie jammer vir die ongerief. Hoop almal verstaan. ***Alle*** buitemuurs staak Donderdag, 9 November.

FOTO'S TE KOOP
Ouers kan met die aangehegte afskeurstrokie die jaar se foto's bestel teen R30 wat die volgende insluit:

- Kwartaal 1 & 2
- Kwartaal 3 & 4
- Toer
- VCSV-kamp

Stuur asseblief 'n *SKOON USB* saam met u kind met sy/haar naam op, asook die geld en afskeurstrokie na die klasonderwyser.

PERSONEEL
Baie geluk aan juffrou Tersia Mostert, wat as Jakkies se nuwe Skoolhoof aangestel is.
Ons is trots om u as ons nuwe leier te hê. Alle sterkte en voorspoed word haar toegewens.

KAREEHOF KOSHUIS
Ons vra ook weer dat u alle uitstaande koshuisfooie so spoedig as moontlik betaal moet wees.

KOEKIEVERKOPING
Baie geluk aan die Graad 1-klas wat 'n pragtige bedrag van R3224-00 ingesamel het tydens hulle koekieverkoping.

EKSAMEN
Vind aangeheg die eksamenrooster wat op 15 November begin. Leerders het reeds die eksamenwerk op skrif ontvang.

PRYSUITDELING
Die prysuitdeling vind plaas op Vrydag, 10 November in die skoolsaal. Alle familie en vriende is welkom om dit by te woon. Tye is as volg:

- Gr. R – 3 en IK-klas: 08:30
- Gr. 4-7: 10:00
- Leerders wat nie pryse kry nie, hoef nie skool toe te kom nie.
- Leerders in die GF kry almal pryse. Almal moet die prysuitdeling bywoon.
- Na die Junior Prysuitdeling mag GF huis toe gaan. (Ouers moet asb. leerlinge kom kry)
- Alle leerders moet skoolklere, skoene en kouse aanhê. Geen "sivvies" nie.
- Leerders wat op **Provinsiale vlak** of hoër aan buitesporte deelgeneem het, moet onthou om 'n baadjie of sweetpakbaadjie (niks anders nie) te bring wat op die Prysuitdeling aan hulle uitgedeel gaan word.

VERGADERINGS:
Hiermee geskied kennis van die volgende vergaderings:

- Finansiële komitee: Maandag, 6 November om 12:00.
- Beheerliggaam: Maandag, 6 November om 14:05.

JAARBLAD
Ouers kan die jaarblad bestel teen **R200-00** 'n kopie. U kan kontant betaal by die kantoor of klasonderwyser. Indien u 'n EFT betaling maak in die skool se rekening, stuur asseblief die bewys van betaling na fin@jakkies.com. Sien aangehegte afskeurstrokie wat na die klasonderwyser gestuur moet word.

HANNELIE VILJOEN MUSIEKKONSERT
Al die musiekleerders van juffrou Hannelie Viljoen hou konsert by die NG kerk op Donderdag, 9 November. Tyd: 18:00 vir 18:30. Almal is welkom om dit gratis by te woon.

……..
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Ds. Mias & Yolandi Nortier (Babadogtertjie ryker)

AFSKEURSTROKIE

FOTO'S TE KOOP OP USB

Leerder Naam en Van: _____

Graad: _____

Merk in die blokkie watter foto's u wil bestel:

☐ Kwartaal 1 & 2

☐ Kwartaal 3 & 4

☐ Toer

☐ VCSV-kamp

_____

Ouer handtekening

Handig afskeurstrokie by klasonderwyser in.

.....

BESTELVORM: JAARBLAD

Naam van Leerder: _____

Graad: _____

Aantal kopieë: _____ Bedrag: R_____

Merk u metode van betaling:

☐ EFT

☐ Kontant

_____ _____

Ouer handtekening **Kontaknommer**

Epos bewys van betaling in geval van 'n EFT betaling na fin@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1)	**BEHEERLIGGAAM AANSTELLING**
POSBENAMING:	Intermediêre en Senior Fase
MINIMUM VEREISTES:	Erkende Onderwyskwalifikasie
VAKKE:	Gr. 4 - 7
AANBEVELINGS:	Goed tweetalig. Rekenaarvaardig. Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer Goeie organisasie en beplanning Goeie en aanvaarbare waardes Sport- en Kultuurvaardighede Geen kriminele rekord Ondervinding gaan in jou guns tel!
KONTRAK:	Jaarliks hernu
SALARISPAKKET:	R11 500.00 per maand (+13de)
MEDIUM VAN ONDERRIG:	Afrikaans
AANSTELLINGSDATUM:	Januarie 2024

HANDIG DIE VOLGENDE IN, OF EPOS NA ADMIN@JAKKIES.COM

Aansoekbrief en -vorm (Z83)
Volledige CV
Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies en ID document
Polisieklaring

Sluitingsdatum: 17 November 2023

NAVRAE:

Skoolhoof, mev. TE Mostert by: skoolhoof@jakkies.com
Tel: 053 0505986

Indien u nie binne twee weke, na sluiting van die aansoeke, iets van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

VAKATURE BESKIKBAAR

LEERKRAG: (Posvlak 1)	**BEHEERLIGGAAM AANSTELLING**
POSBENAMING:	GF: Graad 1-leerkrag
MINIMUM VEREISTES:	Onderwyskwalifikasie
VAKKE:	Afrikaans, Engels, Wiskunde, LV
AANBEVELINGS:	Goed tweetalig. Rekenaarvaardig. Vermoë om opdragte doeltreffend en stiptelik uit te voer Goeie organisasie en beplanning Goeie en aanvaarbare waardes Sport- en Kultuurvaardighede Geen kriminele rekord Musikale agtergrond 'n aanbeveling Ondervinding gaan in jou guns tel!
KONTRAK:	Jaarliks
SALARISPAKKET:	R11 500,00 per maand (+13de)
MEDIUM VAN ONDERRIG:	Afrikaans
AANSTELLINGSDATUM:	Januarie 2024

HANDIG DIE VOLGENDE IN, OF EPOS NA:
admin@jakkies.com

Aansoekbrief en -vorm (Z83)
Volledige CV
SACE sertifikaat
Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies ID dokument
Polisieklaring

Sluitingsdatum: 17 November 2023

NAVRAE:
Skoolhoof, mev TE Mostert by: skoolhoof@jakkies.com
Tel: 053 0505986

Indien u nie binne twee weke, na sluiting van die aansoeke, iets van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.

EKSAMENROOSTER
15 November - 29 November 2023

Dag:	*Dat:*	*Gr 1*	*Gr 2*	*Gr 3*	*Gr 4*	*Gr 5*	*Gr 6*	*Gr 7*
Woens:	**15**				AFR	AFR	AFR	WISK 1
Don:	**16**	WISK	WISK	ENG				SK
Vry:	**17**	WISK	WISK	AFR	WISK	WISK	WISK	EBW
Maan:	**20**	AFR	AFR	AFR	ENG	ENG	ENG	AFR
Dins:	**21**	AFR	AFR	WISK 1				SW -GESK
Woens:	**22**	ENG	ENG	WISK 2	SW -GESK	SW -GESK	SW -GESK	ENG
Don:	**23**	ENG	ENG	UITSTAP				NW
Vry:	**24**	LV	LV	LV - PSW	NWT	NWT	NWT	SW -GEO
Maan:	**27**	LV	LV	LV - LOP	SW -GEO	SW -GEO	SW -GEO	LO
Dins:	**28**							WISK 2
Woens:	**29**				LV	LV	LV	TEG